Nuwe M-graad in Teologie gaan op MIV/Vigs fokus

Die Fakulteit Teologie spog vanaf 2006 met 'n unieke MTh-graad in Kliniese Pastoraat: MIV/Vigs Bediening.

Dié kursus word moontlik gemaak deur 'n skenking van R3m deur die Sweedse regering in samewerking met die kerke in Swede. Die MIV/Vigs Navorsingsprogram wil met hierdie projek 'n hele netwerk langs die hele oostelike gedeelte van Afrika vestig sodat opgeleide professionele pastors beskikbaar gestel kan word om effektief by die pandemie betrokke te raak.

Die versoek van die Sweedse kerke is dat die navorsingsprojek daarop moet fokus om 'n teologie vir die HIV/VIGS pandemie binne 'n Afrikakonteks te ontwikkel wat rekening hou met die spirituele en etiese dimensie van die vraagstuk. Teorie-ontwikkeling moet aan die praktyk en die nood van die konteks blootgestel word.

Dit is 'n eenjarige navorsing M-graad (60% tesis) wat ook modules insluit wat kliniese werk by gesondheidsklinieke en tuisversorgingseenhede in Guguletu insluit.

Vier teologiese fakulteite regoor die gebied is geïdentifiseer om die M-program aan te bied en te ontwikkel: die Ethiopian Graduate School of Theology (EGST) in Addis Abeba; die Makumira University College in Arusha, Tanzanië; die Universiteit van KwaZulu-Natal se School of Theology in Pietermaritzburg en die Universiteit Stellenbosch waar prof Daniël Louw as tutor gaan optree.

Vir die Fakulteit Teologie aan die US beteken dit 'n bedrag van R500 000. Tien studente wat oor die minimum van 'n vierjarige BTh beskik is gekeur . Aansoeke het gekom vanuit verskillende lande in Afrika, onder meer Nigerië, Sudan, Sierra Leone en Kenia.

Vir 2007 word 'n internasionale kongres in Swede beplan. Die beste navorsings-projekte sal gekeur word en studente sal dan daar oor hul navorsing verslag moet lewer. Dit sal in die vorm van referate in 'n internasionale tydskrif gepubliseer word.

Die aard van die studieprojek word as volg verwoord: *"The church's inability in becoming a strong force fighting the epidemic - like for example the fight against apartheid or the questioning of economic, unequal structures - depends primarily on a great uncertainty of whether they are able to theologically approach the area around HIV/AIDS."*

m

Program vir opleiding van kapelane skop in 2006 af

'n M-Program vir die teologiese en pastorale opleiding van kapelane in die weermag skop in 2006 af. Dit is heeltemal uniek binne Suid-Afrika en in 'n sekere sin 'n eerste. Die moontlikheid bestaan dat ander Afrikalande vir die opleiding van kapelane by hierdie program gaan inskakel.

Die doel van die navorsingsprogram is om gevorderde onderrig aan professionele pastorale hulpverleners te bied ten einde spirituele leierskap, sorg en heling te bied aan mense in krisis en nood binne die unieke konteks van 'n militêre of weermag opset.

Dit is 'n interdissiplinêre program met spiritualiteitsontwikkeling; pastorale sorg en berading; publieke teologie en die diversiteitsvraagstuk; praktiese teologie en die vraagstuk van organisasie- en gemeenskapsontwikkeling as teologiese fokuspunte.

Daar sal ook aandag gegee word aan teologiese en medies-etiese vraagstukke. Ten einde die projek in werking te stel dra die kantoor van die kapelaan-generaal onder bevel van brigadier-generaal (ds) Marius Cornelissen die onkostes van 6 studente.

Die program word in samewerking met die Fakulteit Krygskunde op die Saldanha-kampus aangebied.

Vir meer inligting oor hierdie programme kontak prof Daniël Louw by die Fakulteit Teologie by tel (021) 808 3254 of per e-pos djl@sun.ac.za